

SPITS JOU ORE VIR DIE LUISTERBOEK



JY HOEF NIE NOODWENDIG 'N LESER TE WEES OM 'N GOEIE STORIE TE KAN GENIET NIE, WANT DIGITALE OUDIOBOEKE BIED NUWE MOONTLIKHEDE.

Oudioboekte, of luisterboekte, is, nes die naam sê, 'n opname van 'n boek se voorlesing. Daar is die laaste paar jaar 'n opvallende opbloeï in die gewildheid van hierdie boeke.

Die Future Book-konferensie, Europa se grootste uitgewerskonferensie vir rolspelers aan die redaksionele, tegnologiese, verkoops- en bemarkingskante van die bedryf, het in 2017 'n program oor audioboekte getiteld "The Audiobook Revolution" aangebied. Tydens hierdie konferensie het dit geblyk dat luisterboekte die snelgroeëndste leesprodukt is.

Dit hang saam met die feit dat audioboekte deesdae in digitale formaat aangekoop en afgelaai kan word. Dit is 'n noemenswaardige sprong om nie meer eksklusief op CD

of kasset beskikbaar te wees nie. Bevry van dié formate raak die produk geredeliker beskikbaar; is dit soos *apps*, musiek en video's op slimfone en tablette beskikbaar.

Dit bied 'n veel soomloser ervaring as die aanskaaf van tientalle CD's waarop een vollengte roman voorgelees word. Dan moet 'n mens boonop by 'n CD-speler stelling inneem.

Elma Smit, televisie- en radioaanbieder, vertel dié mobiliteit is juis waarom sy so baie van audioboekte hou. "Ek kry kans om dit te geniet terwyl ek tuinmaak, draf, aan die kant maak, bestuur en kosmaak," vertel sy. "Die probleem met lees is dat dit my dikwels meesleur; in so 'n mate dat my daaglikse pligte agterweë bly. Op dié wyse kry ek tegelyk vervelige, maar

belangrike goed gedoen – en my verbeelding kry 'n bonusuitstappie."

IETS VIR DIE OOR

Potgooie (*podcasts*) se toetrede tot die hoofstroom is nog iets wat in luisterboekte se guns tel. 'n Luisterkultuur het stelselmatig ontstaan. Oor die afgelope dekade veral is luisteraars van oor die wêreld heen met potgooie vermaak. Die meeste daarvan is gratis aanlyn beskikbaar.

Die BBC se *In Our Time*-reeks is 'n moet vir mense met 'n belangstelling in die geskiedenis, terwyl National Public Radio in die VSA se *This American Life* groter en kleiner narratiewe vermeng om boeiende en menslike stories te vertel. Elke episode het 'n breë tema en die onderskeie



uit elke tien mense deesdae na oudioboek luister. In die VSA het die luisterboekmark sedert 2014 jaarliks met minstens 20% gegroei. Sowat 90% van die luisterboekverkope daar is titels vir volwassenes, met fiksietitels die groot gunsteling (76%). Speur- en spanningsromans, rillers en populêre fiksie is veral gewild, maar ook geskiedenisboeke en biografieë.

STEMKUNSTENAARS

Dit kan 'n sterk verkooppunt wees as 'n glanspersoonlikheid jou boek voorlees. Die luisterboek van George Saunders se Bookerpryswenner *Lincoln in the Bardo* spog met die stemme van onder andere Nick Offerman, David Sedaris, Julianne Moore, Ben Stiller, Susan Sarandon, Megan Mullally, Bill Hader en Don Cheadle.

Skrywers, veral dié met 'n aanleg vir pas en intonasie, word soms gevra om self die voorlesing te behartig en dit bied 'n intieme luisterervaring.

Die persepsie bestaan steeds dat vroue die meerderheid van die kopersmark uitmaak wanneer dit by gedrukte boeke kom. By luisterboeke lyk die prentjie effens anders. Nielsen in Brittanje se peiling toon dat luisterboeke die gewildste is onder mans tussen die ouderdom van 25 en 44 jaar. Hierdie neiging is om twee redes verblydend. Eerstens omdat

mense wat tradisioneel nie as groot boekkopers geag word nie nou hul koopkrag op die boekmark mik, en tweedens omdat dit nie ten koste van gedrukte boeke gebeur nie, berig *The Times*. Internasionaal val die bekendstelling van luisterboeke dikwels saam met die drukweergawe se publikasiedatum sodat die onderskeie formate by dieselfde reklameveldtog baat vind.

Luisterboeke is so gewild dat sommige boeke net in daardie formaat verskyn.

EN PLAASLIK?

“Suid-Afrika is na my mening so twee jaar agter die eerste-wêreldlande, waar dit [luisterboeke] baie populêr is,” sê Sylvia de Wet, bedryfshoof by LAPA Uitgewers. Boonop is die vervaardiging van luisterboeke “baie, baie duur” en dit laat uitgewers twee keer dink.

Tog blyk dit dat die luisterrevolusie ook op ons horison begin wink. Willim Welsyn het met sy potgooi *WAT* 'n lojale gevolg opgebou en is vanjaar deur die ATKV met 'n Mediaveertjie as beste aanbieder of onderhoudvoerder van 'n joernaalprogram vereer. RSG bied ook al jare luistergenot in die vorm van boekvoorlesings, radiodramas en spesiale dokumentêre reekse.

NB-Uitgewers het al 'n paar boeke in luisterformaat op Audible.com beskikbaar gemaak. Dit sluit van spanningsromans deur Deon Meyer en Irma Venter tot Ena Murray se liefdesverhale in, asook verskeie boekvoorlesings wat deur RSG uitgesaai is. Die stemkunstenaars sluit in Nic de Jager, Frieda van den Heever, Anna-Mart van der Merwe en Stian Bam.

Storievrate kan hul ore maar spits, want die oudioboek se toekoms lyk rooskleurig. Dit belooft om die daaglikse pendel, oefensessie, stryk- of huiswerk op te kikker. ♡

DEUR CATRINA WESSELS
ILLUSTRASIES:
MIEKE VAN DER MERWE



stories sluit daarby aan.

Maar die potgooi wat alle rekords laat spat en klinkklaar bewys het daar is massas mense wat gretig is om te luister is die ondersoekende reeks *Serial*. Die eerste seisoen werp die kollig op 'n opspraakwekkende moordsaak van 1999 en vra oor die bestek van 12 episodes of die regte persoon aan die pen gery het. Episodes van *Serial* is al 175 miljoen keer afgelaai.

Buitelandse uitgewers het 'n gulde geleentheid raakgesien om hul boeke ook in audio-formaat die lig te laat sien. 'n Peiling deur Nielsen Book Data toon uitgewers in Brittanje het sedert 2011 die getal luisterboeke wat hulle jaarliks publiseer, verdriedubbel. Die Britse uitgewersvereniging berig dat een